

**28 Februarie**

**Skrifgedeelte: Handeling 19:11-20 (NAV)**

**Die poorte van die hel sal die kerk nie oorweldig nie**

God waak self oor die heiligheid van sy kerk. Deur sy krag weerstaan Hy die bose, ook in jou. Daarom het sy werk steeds voortgegaan – elke dag van 150 jaar. Daarin kom ons lof Hom toe.

Deur Paulus doen Hy wonderlike dinge en maak mense gesond, selfs net deur die aanraking van klere (vs 11 en 12). Maar jy kan sy mag verkeerd gebruik, misbruik, vir jouself en nie tot sy eer nie, soos die seuns van Skeva (vs 13). Die gevolg was dat hulle gehawend weggevlug het (vs 16).

God ken die bedoeling van die hart en weet wie nie van harte by Hom is nie (Fil 1:17). Deur sy Woord en Gees hou Hy self sy kerk in stand deur die eeue heen. Wie by Hom en sy Woord lewe, sien telkens weer sy wonderdade, word vervul met ontsag en prys Hom, maak sy Naam groot.

Ja, die sonde ten spyt, groei sy Woord in die hart en lewens van mense (vs 20). Die sonde word telkens afgebreek (vs 18, 19) sodat jy in verbasing die hand op die mond moet lê, maar terselfdertyd sy lof moet besing (vs 17).

Omdat God self waak oor die heiligheid van sy kerk, kon die poorte van die hel dit nie oorweldig nie, en sal die bose nooit vir altyd triomfeer nie.

*Sing: Psalm 107:8, 10 (1936-beryming)*

*Ds LD Aucamp (Emeritus)*

